

GRAAD 9

Afrikaans Huistaal

Vraestel 1

Deur: Me. K. Viljoen

Tyd: 1 ½ uur

Totaal: 70 punte


LEES DIE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Beantwoord al die vrae.
3. **Begin alle vrae op die skoon kant van 'n bladsy.**
4. Nommer soos op die vraestel aangedui.
5. Trek 'n regterkantlyn op elke bladsy.
6. **Laat 'n reël oop na elke antwoord.**
7. Verkeerde spelling kan jou antwoord beïnvloed!
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Kram jou antwoordstel in die volgorde van die afdelings vas.

VRAAG 1

Begripstoets & taal in konteks

Lees die artikel *Mumford & Sons doen als reg in "volmaakte" konsert* goed deur en beantwoord die vrae wat volg.



Mumford & Sons doen als reg in “volmaakte” konsert

Deur: Rozanne Els 01 Februarie 2016 17:42

1. Ek het dit al gesê en ek sal aanhou totdat almal wéét: musiek móét in jou borskas vibreer. Jy moet weet dat wanneer dié musiek van beperkings ontsnap – of dit nou op ’n dansvloer is of op ’n verhoog, of langs ’n rivier met net ’n massa water wat luister – daardie vibrasie nie meer behoue gaan bly nie. Jou borskas gaan liggies ruk. Dís nou as dit reg gedoen word. Nie reg in die sin van dat daar ’n reg en ’n verkeerd in musiek is nie, maar reg in die sin dat dit reg is vir jóú. Hoeveel musikante en groepe kry dié “reg”, reg?
2. Sondagaand was konsert nommer drie vir die Britse groep Mumford & Sons in Kaapstad. Mumford & Sons is eiesoortig op ’n vreemde manier. Voor die vrystelling van hul debuutalbum, *Sigh No More*, was hul *folkrock*-klank ’n effe ongewone verskynsel. Dit het nie heeltemal lekker in die hoofstroom gesit nie. Nou is die genre amper voos. Uitgetrap en leeggetrap. Maar Mumford-hulle stoomroller voort. Omdat dié klank amper aan hulle behoort.
3. ’n Mumford & Sons-konsert is een waar die volume jou ore seermaak. Dit laat jou sweet. Mense stamp en stoot en jy dans en spring en sing en skree sonder terughou. Om 01:00 op ’n Maandagoggend wil jy nie gaan slaap nie. Al is jy doodmoeg en jou lyf wil nie meer nie. Want jou borskas vibreer nog.
4. As Marcus die mikrofoon gryp, is sy stem nootvas en vol emosie. “Hy klink net soos op die CD!” hoor ek by mense wat na die vorige twee konserte is. Nee, hy het glad nie geklink soos die CD nie. Dís begrensde musiek en daar was niks van Marcus Mumford wat behoue gebly het op daardie verhoog nie. As hy speel en sing, as enigteen van die groep speel en sing, is dit met oorgawe, met hul hele lyf en met pure genot. Die sweet tap hulle af. Dis die derde aand in ’n ry en hulle is pootuit. Maar dis daai tipe moeg wat jou laaste bietjie energie in ’n effense histerie omsit. Dis ’n mallerige affêre, maar dit is heerlik.
5. Die son het gesak, die stadsliggies het begin skitter, die wind het bedaar en in die benoudheid van die someraand het Mumford & Sons begin speel. Die klank was byna volmaak, die Kaapse stadsaal het ’n wakende oog gehou en toe begin die mense dans.
6. En dans en dans en dans met musiek wat in hulle borskaste ruk.



Bron: Aangepas uit *Die Burger*, 1 Februarie 2016

- | | | |
|-------|--|-----|
| 1.1 | Waarom word “volmaakte” in die titel in aanhalingstekens geskryf? | (1) |
| 1.2 | Aan watter vereiste moet die musiek, volgens Rozanne Els, voldoen? | (1) |
| 1.3 | Hoe beklemtoon sy haar opinie? | (1) |
| 1.4 | Verduidelik die funksie van... | |
| 1.4.1 | die dubbelpunt in die eerste sin van paragraaf 1. | (1) |
| 1.4.2 | die aandagstrepe in paragraaf 1. | (1) |
| 1.4.3 | die akuut in “Omdat dié klank amper aan hulle behoort” in paragraaf 2. | (1) |

Huistaal

- 1.5 Gee die verkleining van “vibrasie”. (par. 1) (1)
- 1.6 Skryf die sin oor in die negatiewe vorm: Musiek moet in jou borskas vibreer. (1)
- 1.7 Van watter land is Mumford & Sons afkomstig? (1)
- 1.8 Waarom word *Sigh No More* in paragraaf 2 skuinsgedruk? (1)
- 1.9 Verduidelik waarom Mumford & Sons as moontlike pioniers of baanbrekers in die *folkrock*-genre gesien word. (2)
- 1.10 Waarom het “*folkrock*-genre” ’n koppelteken? (1)
- 1.11 Hoe weet ons dat ander groepe Mumford & Sons se voorbeeld gevolg het ná hulle hul debuutalbum uitgebring het? Haal 4 agtereenvolgende woorde aan. (1)
- 1.12 Gee ’n sinoniem vir “eiesoortig” in paragraaf 2. (1)
- 1.13 Lees weer paragraaf 2 deur. Wat beteken dit as *iemand voort stoomroller*? (1)
- 1.14 In paragraaf 3 staan daar die volume *maak jou ore seer*. Verduidelik hoe ons dit moet verstaan. (1)
- 1.15 Gee die afkorting van *Maandag*. (1)
- 1.16 Verduidelik in jou eie woorde wat beteken dit as iets “nie lekker in die hoofstroom sit nie”. (2)
- 1.17 Watter twee sintuie word tydens ’n Mumford & Sons-konsert ingespan? (2)
- 1.18 Lees die onderstreepte sin in paragraaf 2 deur.
 1.18.1 Is dit ’n enkelvoudige of saamgestelde sin? (1)
 1.18.2 Indien jy dink dit is ’n enkelvoudige sin, brei die sin uit tot ’n saamgestelde sin.
 Indien jy dink dit is ’n saamgestelde sin, vereenvoudig die sin tot ’n enkelvoudige sin. (1)
- 1.19 Verduidelik die funksie van die koppelteken in *Mumford & sons-konsert* in par.3. (1)
- 1.20 Die intensiewe vorm van *moeg* is *doodmoeg*. Gee die intensiewe vorm van glad in die volgende sin: Die konsert het (glad) verloop. (1)
- 1.21 Skryf die sin oor in die indirekte rede:
 Die mense het gesê: “Jy klink net soos op die CD!” (2)
- 1.22 Kyk na die volgende sin: Marcus het die mikrofoon gegryp.
 1.22.1 Brei die sin met ’n bywoord uit. (1)
 1.22.2 Brei die sin met ’n byvoeglike bepaling uit. (1)
 1.22.3 Brei die sin met ’n bywoordelike bysin uit. (1)
- 1.23 As musiek jou “laat sweet”, wat sê dit vir ons van die musiek? (2)
- 1.24 Benoem die beeldspraak in “die berg hou ’n wakende oog”. (1)
- 1.25 Verduidelik die funksie van die kommas in die eerste sin van paragraaf 5. (1)
- 1.26 Verskaf ’n sinoniem vir “byna” in paragraaf 5. (1)
- 1.27 Bestudeer die woord “stadsliggies” in paragraaf 5.
 1.27.1 Deel die woord in klankgrepe. (1)
 1.27.2 Skryf die woord neer en onderstreep die kern. (1)
 1.27.3 Skryf die woord neer en onderstreep die twee stamme. (2)
 1.27.4 Skryf die woord *liggies* en onderstreep die lettergreep waar die klem val. (1)



- 1.28 In die heel laaste sin van die artikel herhaal die joernalis “en dans” drie keer. Wat probeer sy hiermee bereik of sê? (1)
- 1.29 Is hierdie artikel in ’n objektiewe of subjektiewe lig geskryf? Verduidelik jou antwoord deur na die joernalis se toon te verwys. (2)

[44]

VRAAG 2

Visuele begrip

Bestudeer die spotprente uit die *Beeld* en *Die Volksblad* (21/10/2016) en beantwoord die vrae wat volg.

Spotprent 1



Spotprent 2



Huistaal

Die vrae is op spotprent 1 gebaseer.

- 2.1 Hoe weet jy dat die koffie warm is? (1)
- 2.2 Gee twee visuele bewyse dat die twee persone nie meer jonk is nie. (2)
- 2.3 Twee aktuele sake word in die spotprent aangeraak. Wat is die twee sake? (2)
- 2.4 Wie is die "julle" na wie die man verwys? (1)
- 2.5 Hoekom gee die man nie om om op die betrokke Saterdag teen die "julle" rugby te speel nie? (1)
- 2.6 Gee twee bewyse dat hierdie prent op 'n plaas afspeel. (2)

Die vrae is op spotprent 2 gebaseer.

- 2.7 Wat is die ooreenkomste en verskille tussen die twee spotprente?
Gee twee voorbeelde van elk. ($\frac{1}{2} \times 4 = 2$)
- 2.8 Het die Cheetahs se droogte aan 'n trofee tot 'n einde gekom? Verduidelik. (2)
- 2.9 Die naambordjie in die tweede spotprent sê die volgende: "Die Van der Poels: Genadekoppies". Dit is die plaas se naam. Pas dit by die inhoud van die spotprent? Verduidelik jou antwoord deeglik. (2)
- 2.10 Die musie regs onder sê: Mag dit drieë reën Saterdag.
2.10.1 Bedoel hy dit letterlik of figuurlik? (1)
2.10.2 Verduidelik jou antwoord. (1)
- 2.11 Benoem die klankverskynsel wanneer die woord
2.11.1 reën as *reun* uitgespreek word. (1)
2.11.2 Van der as *Vanner* uitgespreek word. (1)
- 2.12 Skryf die volgende sin oor in die negatiewe vorm:
Ek het nog altyd van rugby in die winter gehou. (1)

[20]

VRAAG 3

Advertensie

Bestudeer die advertensie op die volgende bladsy en beantwoord die vrae.

- 3.1 Wie is die teikenmark van die advertensie? Verduidelik jou antwoord. (2)
- 3.2 Waarom, dink jy, is die advertensie visueel so treffend? (1)
- 3.3 Verduidelik waarom dit nie nodig was vir die adverteerder om meer inligting op die advertensie te sit nie. (1)

**Let op dat die woorde "ANDER" in blou gedruk is en "TWEË" in rooi.
Die res van die woorde is alles in groen gedruk.**

**8 UIT 10 BOERE
KIES JOHN DEERE
HIERDIE ADVERTENSIE IS
VIR DIE ANDER TWEË**



 JOHN DEERE

Deer.co.za


- 3.4 Waarom is die woord "ander twee" in ander kleure geskryf? (1)
- 3.5 As jy meer inligting wil hê, waar sal jy dit kan kry? (1)

[6]

Groot totaal: 70 punte

MEMORANDUM

VRAAG 1




- 1.1 Iemand se woorde word aangehaal. (1)
- 1.2 Musiek moet in jou borskas vibreer (1)
- 1.3 Sy gebruik akute op *weet* en *moet*. (1)
- 1.4.1 Na die dubbelpunt volg die verduideliking van wat die joernalis wil hê almal moet weet. (1)
- 1.4.2 parentese (1)
- 1.4.3 beklemtoon die spesifieke klank (1)
- 1.5 vibrasietjie (1)
- 1.6 Musiek **moenie** in jou borskas vibreer **nie**. (1)
- 1.7 Brittanje/Engeland (1)
- 1.8 Naam van die CD (1)
- 1.9 Hulle klank was aanvanklik 'n "effens ongewone verskynsel" – dit beteken mense het nog nie hulle musiek gehoor of van gehou nie./Hulle was die eerste mense wat met hierdie musiek begin het. (2)
- 1.10 samestelling met Engelse woord (1)
- 1.11 "die genre amper voos"/"voos..uitgetrap en leeggetrap" (1)
- 1.12 anders/uniek (1)
- 1.13 Hy gaan voort en steur hom niks/niemand nie./Laat niemand in sy pad kom nie. (1)
- 1.14 Dit kan beteken dat die volume regtig baie hard is en ons ore letterlik seermaak // of dit kan beteken dat die musiek net so fantasties is. (1)
- 1.15 Ma. (1)
- 1.16 Die gewone mense (hoofstroom) hou nie daarvan nie/hulle ken dit nie en wil dit nie luister nie. (2)
- 1.17 gehoor- en sigsintuig (2)
- 1.18.1 enkelvoudige (1)
- 1.18.2 Sondagaand was konsert nommer drie vir die Britse groep Mumford & Sons, wat al so baie in die wêreld rondgetoer het, in Kaapstad. (of soortgelyk) (1)
- 1.19 samestelling met eiennaam. (1)
- 1.20 seepglad (1)
- 1.21 Die mense het opgewonde gesê dat hy (1) net soos op die CD klink.(1) (2)
- 1.22.1 Marcus het vinnig die mikrofoon gegryp. (1)
- 1.22.2 Marcus het die nuwe, mooi mikrofoon gegryp. (1)
- 1.22.3 Marcus het die nuwe mikroon gegryp terwyl hy besig was om te sing. (1)
- 1.23 Dit laat jou beweeg en dans/jy is mal daaroor/dit het 'n effek op jou (2)
- 1.24 personifikasie (1)
- 1.25 Opnoem van goed. (1)
- 1.26 amper (1)
- 1.27.1 stads-li-gies (1)
- 1.27.2 liggies (1)
- 1.27.3 stadsliggies (2)
- 1.27.4 stadsliggies (1)
- 1.28 Beklemtoon hoe lekker die mense gedans het. (1)
- 1.29 Subjektief
Dit is baie duidelik dat die joernalis van hulle hou – kyk bv. na slotsin/die gebruik van al die akute/
Gebruik/haar beskrywing van die konsert. (2)

VRAAG 2

Spotprent 1

- 2.1 Daar trek stoom uit die koppie (1)
- 2.2 Enige TWEE:
plooie
grys hare
groot ore (2)
- 2.3 droogte
rugby-kompetisie (2)
- 2.4 Bulle (1)
- 2.5 Die veld gaan nat wees – dit gaan reën of het gereën. (1)
- 2.6 windpomp, beeste
Daar is geen ander huise of strate/paaie in sig nie. (2)



Spotprent 2

- 2.7 **Enige twee ooreenkomste**
twee mense/staan met hul rug na lesers toe
reën/rugby
hond
kyk uit op plaas (ens.)
- Enige twee verskille**
een staan/ander sit
een raak aan mekaar/ander raak nie aan mekaar nie
een met motor/ander sonder (½ x 4 = 2)
- 2.8 Nee – Die diertjie onder sê hy hoop die droogte van 'n beker gaan nou verby wees. (2)
- 2.9 Ja (geen punt)
Genade – dit het gereën
Koppies – verwys na die Currie Cup (2)
- 2.10.1 figuurlik (1)
- 2.10.2 mag hulle baie drieë kry (1)
- 2.11.1 oorronding (1)
- 2.11.2 assimilasië (1)
- 2.12 Ek het nog nooit van ruby in die winter gehou nie. (1)

[20]

VRAAG 3

- 3.1 boere (1)
Hulle gebruik trekkers en ander boerdery-implemente./John Deere is bekend as 'n boerdery-implement-verskaffer (1)
- 3.2 Dit is eenvoudig – die inligting kom duidelik oor/treffende wit-agtergrond (1)
- 3.3 John Deere is 'n bekende handelsmerk – die boere gaan presies weet waaroor dit gaan. Alles is klaar gesê met dit wat daar staan. (1)
- 3.4 Om juis te beklemtoon dat die 2 boere anders as die res is. (1)
- 3.5 Op hul webblad (1)

[6]

[[70]]